higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

28 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

AL die vrae in AFDELING A is VERPLIGTEND.

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Wanneer 'n kontrak met 'n minderjarige gesluit word, bekragtig/ratifiseer hy/sy dit wanneer hy/sy 21 jaar oud is.

1.1.2 Dit is 'n gebrek wat nie geredelik met die blote oog gesien kan word nie.

1.1.3 'n Hof het die vermoë om slegs sake van 'n sekere aard/tipe aan te hoor as gevolg van die spesifieke bevoegdheid wat aan daardie hof verleen is.

1.1.4 Dit is 'n persoon wat goedere verkoop/'n verkoper of 'n handelaar of 'n persoon wat 'n diens lewer op grond van 'n krediettransaksie of 'n verhuurder ingevolge 'n huurtransaksie.

1.1.5 Die koper aanvaar die goedere wat verkoop word met al hul foute en gebreke net soos hulle is sonder enige waarborg.

1.1.6 Dit reël die verhoudinge van die regering van 'n land wat die verskillende staatsdepartemente insluit.

1.1.7 'n Persoon kan homself/haarself bind by wyse van 'n kontrak.

1.1.8 Dit vind plaas by lewering (oorhandiging deur een persoon aan 'n ander persoon) as die instrument 'n toonderdokument is of by wyse van endossement en lewering as dit 'n orderinstrument is.

1.1.9 Dit is 'n transaksie waarvolgens 'n verhuurder goedere aan 'n huurder leen teen betaling van 'n verklaarde of bepaalbare som geld teen 'n verklaarde of bepaalbare toekomstige datum.

1.1.10 Dit is 'n wedersydse ooreenkoms waarvolgens een persoon, die verkoper, onderneem om iets aan 'n ander persoon, die koper, te lewer, en vrye besit daarvan waarborg in ruil vir 'n gestipuleerde bedrag geld.

(10 × 2) (20)

1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Waar		
	1.2.4	Waar		
	1.2.5	Onwaar		
	1.2.6	Waar		
	1.2.7	Waar		
	1.2.8	Onwaar		
	1.2.9	Waar		
	1.2.10	Waar		
			(10 × 2)	(20)
1.3	1.3.1	C		
	1.3.2	D		
	1.3.3	F		
	1.3.4	A		
	1.3.5	B		
			(5 × 2)	(10)
				[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B:

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1
- Staatsreg
- Administratiefreg
- Internasionale reg/Volkereg
- Strafreg en siviele reg (Enige 1 × 1) (1)

2.2
- Wanneer dit hoogs onwaarskynlik is dat die verborge gebrek ten tyde van die verkoop bestaan het
- Indien daar uitdruklik ooreengekom is dat die saak met al sy foute verkoop word, net soos dit is (voetstoots). Die verkoper moes onbewus gewees het van enige verborge gebrek.
- Waar die koper bewus was van die verborge gebrek op die tydstip toe die ooreenkoms aangegaan is en die artikel aanvaar het asof niks daarmee verkeerd was nie.
- Indien die beskikbare regsmiddel vir verborge gebreke verjaar het, bv. 12 maande/1 jaar na die verkoop daarvan
- Waar die koper afstand doen van (weet daarvan, maar weier om dit te gebruik) sy/haar reg om vir verborge gebreke te eis (5 × 2) (10)

2.3
- Die maksimum tydperk waarbinne die volle koopprys betaal moet word (bv. 6, 12, 18 of 72 maande)
- 'n Gedeelte van die kontantprys moet as deposito of aanvanklike eerste betaling betaal word
- Die manier waarop die prys van enige goedere/dienste uitgestal of geadverteer moet word
- Stop enige advertensie wat strydig met die Wet (misleidende of aanstootlike advertensies)
- Skryf enige bepalings voor wat hy/sy dink pas by enige kredietooreenkoms (5)

2.4
- ERNSTIG

Die aanbod moet ernstig wees en met die bedoeling dat iemand dit sal aanvaar en dat die gevolg daarvan 'n bindende kontrak sal wees.

- VOORWAARDES:

Die aanbod moet al die bepalings insluit op grond waarvan 'n ooreenkoms versoek word sodat wanneer die aanbod aanvaar word, 'n ooreenkoms gesluit word.

- KOMMUNIKASIE

Die aanbod moet aan die geadresseerde of aan die persoon gekommunikeer word met wie 'n ooreenkoms gesluit word.

- DUIDELIK

Die aanbod moet duidelik, ondubbelsinnig en presies gemaak word.

- REGSVERBINTENIS ('LEGAL BOND')

Die aanbod moet gemik wees op 'n regsverbintenis tussen die partye.

- MOONTLIK OM UIT TE VOER

Die aanbod moet moontlik wees om uit te voer. (6 × 2) (12)

2.5
- Gee die huureiendom aan die huurder
- Ontvang die huur van die huurder
- Verleen aan die huurder die vrye gebruik/genot van die huureiendom
- Doen al die nodige herstelwerk
- Vergoed die huurder vir dinge wat met die eiendom verkeerd is
- Betaal die munisipale eiendomsbelasting en diensgeld op die huureiendom
- Erken onderverhuring in sekere gevalle
- Vergoed die huurder vir vaste toebehore/verbeterings aan die eiendom by beëindiging van die huurkontrak. (Enige 6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

2.6
- Wanneer die tydperk verstryk het
- As gevolg van 'n kennisgewing wat enige van die betrokke partye gegee het
- Op grond van 'n wedersydse ooreenkoms (as die partye ooreenkom om die huurkontrak te beëindig)
- Die bevoegdhede van die huurder en verhuurder word in een persoon beliggaam, bv. die huurder koop die eiendom en is nou die nuwe eienaar (skuldvermenging).
- By die insolvensie van die huurder (en nie van die verhuurder nie), tensy die kurator aandui dat hy/sy bereid is om namens die insolvente huurder met die huurkontrak voort te gaan
- By kansellasie deur enigeen van die betrokke partye as die partye regtens daarop geregtig is
- Wanneer die huureiendom vernietig word en dit nie te wyte is aan die skuld of nalatigheid van die huurder of verhuurder nie
- By die dood van enige van die betrokke partye, maar slegs indien sodanige voorwaarde skriftelik in die huurkontrak vervat is (8 × 2) (16)

[50]

VRAAG 3

3.1
- Landdros
- Eiser
- Verweerder (3 × 2) (6)

3.2
- Promittent
- Nemer (2)

3.3
- Indien enige bedrag wat betaalbaar is ingevolge 'n dienskontrak of soortgelyke ooreenkoms 25% van 'n periodieke bedrag (paaiement) oorskry of indien daar meer as een kredietooreenkoms is, is dit ongeldig.
- Indien enige persoon 'n ander persoon die bevoegdheid gegee het om enige geld in te vorder of te ontvang ingevolge bogenoemde artikel, kan sodanige bevoegdheid te eniger tyd teruggetrek word.
- Geen vooruitgedateerde verhandelbare dokument (wissel/tjek/promesse) mag deur die kredietverlener as aanvanklike betaling of huurgeld aanvaar word nie.
- Die kredietverlener mag nie ingevolge 'n kredietooreenkoms eis dat die goedere teruggegee word nie, tensy die kredietverlener sodanige kennis by wyse van 'n geregistreerde brief van die kredietontvanger ontvang het.

(4 × 2) (8)

3.4
- As iemand versuim om huur te betaal, mag 'n verbeurdverklaringsklousule (uitsetting) ingestel word.
- Wanneer eiendom misbruik word
- Versuim om eiendom terug te gee wanneer die huurkontrak verstryk

(3 × 2) (6)

3.5

- PRESTASIE

'n Kontrak word nagekom wanneer albei partye hul verpligtinge ten volle nagekom het.

- SKULDVERNUWING

Die twee partye kom ooreen om die bestaande ooreenkoms tussen hulle te beëindig en om 'n nuwe een te skep wat die plek van die ou ooreenkoms inneem.

- KWYTSKELDING ('RELEASE')

Dit vind plaas wanneer die partye ooreenkom dat die skuldenaar van sy/haar verpligting vrygestel word. Die rede kan wees dat die skuldeiser baie goedhartig is en die skuldenaar sy/haar verpligtinge kwytskeld.

- SKULDVERGELYKING

As die skuldenaar en die skuldeiser presies dieselfde bedrag geld aan mekaar verskuldig is, word die ooreenkoms gekanselleer.

- SKULDVERMENGING

'n Kontrak word outomaties nagekom wanneer die bevoegdheid van die skuldenaar en die skuldeiser een word, bv. waar die huurder van 'n eiendom die eienaar daarvan word.

- INSOLVENSIE

As 'n persoon se laste sy/haar bates oorskry, kan hy/sy insolvent verklaar word en sy/haar bates word dan onder die beheer van 'n kurator geplaas.

- ONMOONTLIKHEID VAN PRESTASIE

Indien dit ingevolge 'n kontrak onmoontlik is om te presteer, hetsy regtens of fisies, word die kontrak nagekom.

- VERJARING - BEVRYDEND

Verjaring het tot gevolg dat 'n skuld na 'n sekere tydperk regtens onafdwingbaar word .

- DOOD

Tensy so gespesifiseer, beëindig dit nie die kontrak nie. 'n Ander persoon neem gewoonlik die oorledene se plek in. As 'n persoonlike vaardigheid of talent betrokke is, word die kontrak beëindig. (9 × 2) (18)

3.6

- Algemene kruising of blanko kruising
- 'Nie verhandelbaar nie'
- 'Nie verhandelbaar nie – slegs nemer se rekening ('account payee only')
- ' en maatskappy, nie verhandelbaar nie'
- 'En maatskappy' of '& kie' (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4

4.1
- Waar die koper en die verkoper ooreenkom dat die verkoper nie verantwoordelik sal wees as die koper uitgesit word nie
- As die koper daarvan bewus is dat die derde persoon die eienaar van die artikel is
- Waar die koper uitgesit word of die besit van die artikel ontneem word nadat die verkoop plaasgevind het, in welke geval die risiko normaalweg op die koper oorgaan (3 × 2) (6)

4.2
- Openbare eiendom wat nie deur openbare liggame vervreem mag word nie
- Die reg op 'n erfporsie van persone wat nog leef
- Waar 'n testament verbied dat sake wat geërf is geskenk, verkoop of weggegee word. (3 × 2) (6)

4.3
- Kontrak beheers deur die Wet op Kredietooreenkomste 79 van 1985 Daar is aan die formaliteite voldoen:
- Die kontrak moet op skrif wees.
- Dit moet persoonlik deur die koper asook deur die verkoper of sy/haar verteenwoordigers geteken word.
- Die voorgeskrewe gedeelte van die koopprys moet aangedui word.
- Ander besonderhede, bv. die maksimum betalingstydperk, maandelikse paaiement en datum hiervan, kontant asook die paaiementkoopprys moet vir die koper genoem word. (Enige 4 × 1) (4)

4.4
- AARD VAN DIE OOREENKOMS

B is onder die indruk dat hy/sy A se huis koop en betaal die prys in paaiemente, terwyl A onder die indruk is dat hy/sy die huis verhuur.
- AARD VAN DIE VOORWERP

A is onder die indruk dat hy/sy 'n VW Beetle koop en B is onder die indruk dat hy/sy 'n VW City Golf verkoop.
- GEHALTE VAN DIE VOORWERP

'n Persoon kan onder die indruk wees dat hy/sy 'n diamant koop, terwyl dit in werklikheid 'n stukkie gepoleerde glas is.
- PERSOON

'n Dwaling kan voorkom ten opsigte van die persoon met wie die kontrak gesluit word. (4 × 2) (8)

4.5 WESENLIKE/MATERIËLE MISDRYF/OORTREDING/ONREGMATIGE DAAD ('MATERIAL WRONGDOING')
- Albei is noodsaaklik en onmisbaar.
- Maak 'n groot verskil aan die gevolg van die ooreenkoms (aan die wese van die kontrak)

NIEMATERIËLE/NIEWESENLIKE MISDRYF/OORTREDING/ONREGMATIGE DAAD (NONMATERIAL WRONGDOING')
- 'n Nienoodsaaklike bepaling het geen uitwerking op 'n kontrak nie.
- 'n Kontrak kan daarsonder bestaan. (2 × 4) (8)

4.6
- Onbevoegdheid/nalatigheid van 'n ernstige aard
- Opvallende/opsetlike werkafwesigheid of versuim om te werk
- Onredelike afwesigheid weens siekte
- Moedswillige ongehoorsaamheid, ongeregverdigde afwesigheid van of laatkom vir werk ten spyte van herhaalde waarskuwings
- Diensweiering en ander ondermynende gedrag
- Oneerlikheid (behoorlik bewys) in die uitvoering van pligte
- Wangedrag wat werknemer ongeskik maak vir sy/haar pos
- Handelsontrouheid/openbaarmaking van handelsgeheime/maak geheime wins
- Kombinasie van bogenoemde faktore wat neerkom op repudiasie of skending van 'n wesenlike bepaling in die dienskontrak (9 × 2) (18)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Simboliese lewering
- Lewering met die lang hand (*longa manu)*
- Lewering met die kort hand (*brevi manu)*
- *Constitutum possessorium* (Enige 2 × 1) (2)

5.2
- Wanvoorstelling
- Dwang/Geweld
- Onbehoorlike beïnvloeding (3 × 2) (6)

5.3
- Moet ernstige bedoeling hê
- Moet gekommunikeer word aan die persoon
- Moet direk, reguit en in ooreenstemming met die inhoud van die aanbod wees
- Moet op die voorgeskrewe wyse, uitdruklik of stilswyend per pos, telefoon of enige ander inligtingsprosesseringstegniek gemaak word, bv. per faks of e-pos, soos versoek
- Moet binne 'n redelike tyd plaasvind. Geen aanbod bly onbepaald oop nie.
- Moet aanvaar word sonder dat enige ekstras daarby gevoeg word (anders is dit 'n teenaanbod)
- Dit moet wettig en binne die handelingsbevoegdheid van die geadresseerde wees om te aanvaar (7 × 2) (14)

5.4
- Wanneer 'n artikel vry van verborge gebreke verkoop word
- Die omvang van 'n stilswyende waarborg en aanspreeklikheid vir skadevergoeding wat veroorsaak is waar die verkoper gedwing kan word om die koper terug te betaal
- Die koper moet bewys dat die verborge gebrek bestaan het ten tyde van die verkoop (die *caveat emptor*-reël is van toepassing)
- Gevalle waar die verkoper nie vir verborge gebreke verantwoordelik is nie (4 × 2) (8)

5.5
- Gespesifiseerde onroerende eiendom
- Tydperk van gebruik van die eiendom (duur van huurkontrak)
- 'n Gespesifiseerde bedrag geld moet as huur betaal word (3 × 2) (6)

5.6
- Waar 'n kredietooreenkoms geteken is by enige ander plek as die verkoper se sakeperseel waar hy/sy gewoonlik sake doen, het die kredietontvanger of die koper die reg om dit te beëindig.
- Die kredietontvanger beëindig die ooreenkoms deur skriftelik kennisgewing aan die kredietverlener te gee wat dit óf aflewer óf per vooraf betaalde geregistreerde pos stuur.
- In hierdie kennisgewing onderneem die ontvanger om enige goedere wat aan hom/haar gelewer is ingevolge die kredietooreenkoms terug te gee.
- Die kredietverlener (verkoper) moet weer alle betalings wat die koper gemaak het terugbetaal.
- Terugbetaling en afhaal van goedere moet binne 10 dae vanaf die lewering of pos van die kennisgewing plaasvind om die kredietooreenkoms te kanselleer. (5 × 2) (10)

5.7
- SIEKTEVERLOF

Daar is nie 'n outomatiese reg op siekteverlof met volle betaling nie.

- NORMALE VERLOF

Dit word stilswyend aanvaar (gebruik/gewoonte) in 'n dienskontrak.
Moet geneem word tydens die duur van die dienskontrak en op 'n tyd wat vir die werkgewer geskik is (4)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou